BRENTHURST
THE HOME OF WEALTH





# PLAASLIKE MARKTE
## - GEEN NUWE BELASTING, SKULD STEEDS PROBLEMATIES

**Die 2021 Nasionale Begroting, wat op 24 Februarie 2021 deur die Minister van Finansies, Tito Mboweni, aangekondig is het min verrassings opgelewer en is grootiks goed ontvang. 'n Paar ontleders se kommentaar was dat die begroting 'positiewe tekens' getoon het, maar Brenthurst Wealth raadgewende ekonoom, Mike Schüssler, het die regering se skuldsituasie beklemtoon. "Openbare finansies is vir jare reeds nie volhoubaar nie. Die regering bestee lank reeds meer as wat die ekonomie kan bekostig en gevolglik moet daar meer en meer geleen word om vir die tekort te betaal," sê Schüssler in 'n breedvoerige verslag oor die 2021 Begroting.**

Danksy beter belastinginvordering is geen nuwe belasting aangekondig nie maar bestaande belasting, op byvoorbeeld brandstof, alkohol en tabakprodukte, is verhoog. Stewige groei in belastingbetaling deur die mynboubedryf (grootliks aangedryf deur 'n lewendige kommoditeitsmark) en ook beter as verwagte verhaling van BTW het gesorg dat die staat R99.6 miljard meer as wat verwag is uit belastingbetalings ontvang. Dit het die Minister in staat gestel on R19.3 miljard vir COVID-19 entstowwe beskikbaar te stel sonder om nuwe belastings in werking te stel om daarvoor te betaal.

## JSE STYG WEER

Die JSE Indeks van Alle Aandele het vir die vierdie agtereenvolgende maand beter gevaar en Februarie 5.9% hoër as in Januarie afgesluit (jaar tot datum +11.3%). Die indeks het deur die loop van die maand verby die 66 000 kerf gestyg en die maand uiteindelik op 66 138.05 afgesluit. Die JSE se goeie stygings was grootliks te danke aan die vertonings deur kommoditeitsaandele en die Resi-19 het maand op maand met 11.7% gestyg (jaar tot datum +17.2%). Groot maatskappye soos Anglo American Platinum (+20.8% maand op maand), Glencore (+19.2% maand op maand), Sibanye Stillwater (+18.8% maand op maand), Anglo American Plc (+16.1% maand op maand) en BHP Group (+14.4% maand op maand) het veral goed gevaar danksy stygings in die pryse van metale en goeie maatskappyresultate.

Die Indi-25 het maand op maand met 2% gestyg (+10.6% jaar tot datum). Prosus, die aandeel met die grootste markkapitalisasie op die plaaslike beurs, het die maand 0.6% hoër afgesluit en Naspers (die vierde grootste) 1.1% hoër. Die Fini-15 het maand op maand met 4.4% gestyg (jaar tot datum +1.2%) danksy goeie stygings vir verskeie finansiële dienste maatskappye. Aandeelpryse van Nedbank, ABSA, Sanlam en FirstRand het maand op maand hoër gesluit. Die rand was so te sê onveranderd en het die maand 0.3% beter teen die dollar afgesluit (-2.95% jaar tot datum).

ArcelorMittal was die beste vertoner in Februarie met 'n styging van 77.6% maand op maand. Die staalvervaardiger het sy jaarsyfers in Februarie bekend gemaak wat getoon het dat die maatskappy in die tweede helfte van die 2020 jaar winsgewend was. Nampak (+56.9% maand op maand) was in die tweede plek met die VK-gebaseerde maatskappy RDI REIT Plc in die derde plek met 'n styging van +39.7% maand op maand. Pan African Resources het die swakste gevaar met 'n daling van 25.8% maand op maand, ondanks die feit dat die maatskappy goeie jaarsyfers aangekondig het en ook sy voorneme om in 2021 van sy skuld ontslae te raak herhaal het. Ascendis Health (-23.1% maand op maand) was in die tweede plek met Brait (-19% maand op maand) in die derde plek.

## INFLASIE EFFENS HOËR

Verbruikersprysinflasie het in Januarie tot 3.2% gestyg teenoor 3.1% in Desember – steeds by die laer kerf van die SA Reserwebank se 3%-6% inflasieteiken. Stygings in die pryse van brandstof, kos en nie-alkoholiese drankies het tot die hoër syfer bygedra. Kleinhandelverkope was jaar op jaar 1.3% laer in Desember teenoor 'n daling van 4.3% jaar op jaar in November. Verkope het wel herstel van die besonder lae vlakke wat tydens strenger inperkingperiodes aan die orde van die dag was. Die pas van herstel bly stadig aangesien verbruikers huiwerig is om in die huidige onsekere tye te bestee. SA se handelsoorskot was laer op R11.83 miljard tenoor die R33.06 miljard van Desember. Die ABSA aankopersindeks (PMI) dui op beter toestande in vervaardiging danksy stygings in afset en meer sake-aktiwiteit. Die indeks het in Februarie tot 53 punte gestyg, teenoor 50.9 punte in Januarie.

## VOERTUIGVERKOPE STEEDS SONDER WOEMA

'n Totaal van 37 521 voertuie is in Februarie verkoop, wat 13.3% laer is as die 43 296 wat in Februarie 2020 verkoop is. Totale verkope vir die eerste twee maande van die jaar was 72 170, 13.8% laer as vir die ooreenstemmende tydperk verlede jaar. Motorverkope het veral nie waffers gevaar nie en 24 270 motors is in Februarie verkoop, teenoor 29 622 in Februarie 2020.

## LANDBOU BLINK UIT

Ondanks die groot logistieke probleme wat weens die maatreels om die pandemie te probeer bekamp veroorsaak is, het SA se landbou uitvoer in 2020 tot $10.2 miljard gestyg, die tweede hoogste syfer ooit en 3% meer is as die syfer vir die vorige jaar. Landbou invoer het jaar op jaar met 8% gedaal en gevolglik het die landbou handeloorskot met 26%, jaar op jaar, gestyg. SA se landbou utvoer het danksy goeie weersomstandighede en groot plaaslike produksie toegeneem.

## NUUSFLITS | BEKROONDE EKONOOM **MIKE SCHÜSSLER** SLUIT BY BRENTHURST AAN




**Die bekroonde ekonoom, Mike Schüssler, het by Brenthurst Wealth aaangesluit as raadgewende ekonoom. Hy sal sy kunidge ontleding en menings op 'n gereelde grondslag met ons beleggingspan en ook kliënte deel. Hy het 'n breedvoerige verslag, eksklusief vir kliënte van Brenthurst, rakende die 2021 Nasionale Begroting saamgestel. Lees dit hier: 2021 Nasionale Begroting.**

# INTERNASIONALE MARKTE
# - MARKTE SLUIT HOËR ONDANKS WISSELVALLIGHEID

**Ondanks heelwat skommelinge op die vernaamste internasionale markte deur die loop van Februarie, in die besonder in die laaste week van die maand, het die toonaangewende indekse in die VSA die maand positief afgesluit. Amerikaanse markte is gesteun deur goeie maatskappyresultate, positiewe nuus rakende inentings teen COVID-19, en nog 'n steunpakket wat onderweg is. Die Amerikaanse Huis van Verteenwoordigers het 'n pakket van $1.9 triljoen goedgekeur en dit is nou na die Senaat verwys om te finaliseer.**

Na al die stygings en dalings van die maand het die drie vernaamste indekse in die VSA goed vertoon in Februarie en al drie het tydens die verloop van die maand nuwe rekordhoogtepunte aangeteken. Die Dow Jones het die maand 3.2% hoër as Januarie afgesluit (jaar tot datum +1.1%), die S&P 500 2.6% hoër (jaar tot datum 1.5% hoër) en die Nasdaq 0.9% hoër (+ 2.4% jaar tot datum). Dit was die vierde agtereenvolgende positiewe maand vir die Nasdaq, wat bekend is vir die verskeie tegnologiemaatskappye wat by die mark ingesluit is.

## 'N VK EN EUROPESE MARKTE SLUIT OOK HOËR

In die VK het die FTSE 100 maand op maand 1.2% hoër gesluit (+0.4% jaar tot datum), ondanks 'n skerp daling van 2.5% op 26 Februarie – die grootste daling vir hierdie mark sedert Oktober 2020. Die Britse regering het sy planne bekend gemaak van hoe inperkingsmaatreels teen 21 Junie gewysig sal word, mits bepaalde voorwaardes nagekom word. Die vernaamste Europese markte het ook goed gevaar maar ook soos ander markte deur die loop van die maand swakker gevaar. Die grootste Europese mark, die DAX in Duitsland, het maand op maand 2.6% hoër gesluit (+0.5% jaar tot datum) terwyl die CAC in Frankryk maand op maand met 5.6% gestyg het (jaar tot datum +2.7%).

Die Hang Seng in China het maand op maand 2.5% hoër gesluit (+6.4% jaar tot datum) en die Shanghai Saamgestele Indeks in Hong Kong 0.7% hoër maand op maand (+1.0% jaar tot datum). China se PMI syfer vir Februarie was op 50.6 punte effens laer as die 51.3 punte van Janarie maar dui steeds aan dat vervaardiging goed vaar. In Japan het die Nikkei maand op maand 4.7% hoër gesluit (+5.5% jaar tot datum).

Wat kommoditeite betref het die olieprys flink gestyg (+18.3% maand op maand en +27.7% jaar tot datum). Die olieprysstyging is aangedryf deur yskoue temperature in dele van die VSA, wat pryse tot die vlakke van Januarie 2020 opgedruk het. Hoewel die goudprys 2020 stewig afgesluit het (+25.1% jaar op jaar, die beste vertoning in 'n dekade) gaan dit nie so waffers in 2021 nie – maand op maand 6.1% laer en 8.7% laer jaar tot datum. Ystererts was in Januaire 1.9% laer maand op maand maar het in Februarie beter gevaar en maand op maand met 4% gestyg. Die koperprys was maand op maand 18.3% hoër, platina maand op maand 10.5% hoër. Die prys van silwer het veral uitgeblink in Februarie weens sterk internasionale vraag en ook wêreldwye ekonomiese herstel.

*Bronne: Anchor Capital; Business Day*

MAAK SEKER DAT 'N BELEGGINGSTRATEGIE EN FINANSIËLE AANGEPAS WORD AS OMSTANDIGHEDE VERANDER

**JOHANNESBURG** +27 (0) 11 799 8100
**SANDTON** +27 (0) 10 035 1391
**PRETORIA** +27 (0) 12 347 8240
**CAPE TOWN** +27 (0) 21 418 1236
**CLAREMONT** +27 (0) 21 418 1236
**BELLVILLE** +27 (0) 21 914 9646
**STELLENBOSCH** +27 (0) 21 882 8706
**PAARL, VAL DE VIE** +27 (0) 21 882 8706
**MAURITIUS** 00 230 5843 5215

**BRENTHURST SATELLIET KANTORE:**
**GARDEN ROUTE | KWAZULU -NATAL | FREE STATE | MPUMALANGA | NORTH WEST**